Borsvoeding is beste!

Ingestuur deur Cerica du Toit
BabaGim Instrukteur: Magda Botma (Mosselbaai)

My dogtertjie is op Donderdag 4 Februarie 2010 met ‘n elektiewe keisersnit gebore. Ek was opgewonde om soos al die kenners aanbeveel, te begin borsvoed. Ondanks my man se ongelooflike ondersteuning, die uiterse hulpvaardige verpleegpersoneel en my vasbeslotenheid, het ek egter die ure sien verby tik en sy wou net niks weet van drink nie. Sy was baie slaperig en het net gehuil as sy wakker genoeg was om te probeer drink.

Ons babatjie se bloedsuiker het geval en ons moes met byvoedings begin. Die volgende dag is ‘n klomp toetse gedoen om te kyk of daar ‘n onderliggende mediese rede is dat sy so slaperig bly, maar alle toetse het negatief terug gekom en die dokter het toe aanbeveel dat ons moet wag totdat sy behoorlik wakker word en dan byvoeding gee. Intussen het sy, met ‘n groot gesukkel, steeds baie swak en min aan my gedrink.

Ek is die Sondag huis toe met ‘n blik formule melk en ‘n geleende borspomp. Tussen uitmelk (en dan die bietjie wat uitkom aanvul met formule melk wat met ‘n spuitjie gegee word), doeke ruiel en winde uitvryf, was daar nie veel tyd vir slaap nie.

‘n Paar vriendinne het my al in die hospital aangeraai om vir Magda Botma te bel en raad te vra. Ek wou egter wag tot na die naweek en het haar eers die Maandag gaan sien. Sy het my tegnieke gewys om ons babatjie te stimuleer sodat sy ordentlik suig en drink en vir die eerste keer in 2 dae het sy sonder ‘n groot baklei wel gedrink!

Ek het die stimulasie tegnieke tuis begin toepas en agt keer suksesvol geborsvoed in die volgende 24 uur! Ek het die tegnieke vir nog 3 dae daarna toegepas, waarna dit glad nie weer nodig was nie. Vandag is ek spuit ek het Magda nie oor die naweek al gekontak en hulp gevra nie!

Na die eerste 2 weke het sy 180g opgetel! Baba drink steeds baie goed na ‘n maand! Ja, ons het steeds lang wakker nagte, maar borsvoeding is beslis ‘n fees!

www.babagim.co.za